# KINDERDOOP

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

Baie geluk met die besluit om jou kind te laat doop! Ons is saam met jou opgewonde oor jou kind se toekoms en pad saam met die Here.

## ADMINISTRATIEF

**DATUM van DOOP:**

**TYD van DOOP:**

**PA SE INLIGTING:**
**Volle Name en Van:** ..............................................................................................

**Geboortedatum:** ..............................................................................................

**E-pos:** ..............................................................................................

**Selnommer:** ..............................................................................................

**MA SE INLIGTING:**
**Volle Name en Van:** ..............................................................................................

**Geboortedatum:** ..............................................................................................

**E-pos:** ..............................................................................................

**Selnommer:** ..............................................................................................

**BABA SE INLIGTING:**
**Volle Name en Van:** ..............................................................................................

**Geboortedatum:** ..............................................................................................

**‘n PAAR VRAE OM JOU BETER TE KEN:**

1. **Aan watter gemeente behoort jy/ julle tans en hoe lank is julle al deel van die gemeente?**

**Indien julle lidmate van ‘n ander gemeente is, stuur asb ‘n skriftelike bewys van jul kerkleier om toestemming te verleen vir die doop in ons gemeente.**

2. **Jul persoonlike geloofspad:**
   a. **Kerkbywoning:**

| | |
|---|---|
| **Gereeld (3 x per maand)** | |
| **Soms (1 x per maand)** | |
| **Min** | |
| **Glad nie** | |

   b. **Kleingroep:**

| | |
|---|---|
| **Woon weekliks ‘n groep by** | |
| **Woon maandeliks ‘n groep by** | |
| **Behoort nie aan ‘n kleingroep nie** | |
| **Het behoefte vir kleingroep** | |

   c. **Ander betrokkenheid:**

   d. **Hoe sal jy jou persoonlike verhouding met die Here tans beskryf:**

# DIE DOOP

## Algemeen

Die kinderdoop is ‘n erkenning van die blywende verbond wat God met Abraham gemaak het in Genesis 17. Dit bevestig aan ons dat God ons kinders gekies het om die beskerming van die verbond te geniet. Ons doop met water as ‘n teken van God se genade, dat Hy sy Seun gestuur het om ons skoon te was van ons sonde en ons ‘n nuwe lewe in Christus gee. Die Heilige Gees is dus binne in ons kinders om hulle te vul en te help met hierdie proses van vernuwing en groei in Christus.

***Genesis 17:7-12***

7 “Ek bring ’n verbond tot stand **tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is ’n blywende verbond:**
Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. 8 Ek gee aan jou en jou nageslag die land waar jy as vreemdeling
woon, die hele Kanaän, as ’n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees.”
9 Verder het God vir Abraham gesê: “Jy moet my verbond nakom, jy en jou nageslag en al hulle nageslagte. 10 Dit is
my verbond wat moet geld vir jou en jou nageslag: elke lid van die manlike geslag onder julle moet besny word. 11 Julle
moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle: **12 elke seun onder julle van ag dae**
oud moet besny word. Dit geld vir elke lid van die manlike geslag onder julle: al julle nageslagte en ook elke slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en die slawe wat van ’n vreemde met geld gekoop word, wat nie jou afstammeling is nie.

***Deuteronomium 6:6***

6 “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7 Jy moet dit inskerp by jou kinders en met
hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. 8 Jy moet dit as
herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet ’n merk op jou voorkop wees. 9 Skryf dit op jou deurkosyne en
op jou stadspoorte.”

## Die WOW van die Kinderdoop:

- God kies jou voordat jy Hom gekies het
    - Hy het ons eerste liefgehad
    - Hy lief ons net soos wat ons is
    - Ons en ons kinders is ingesluit by die belofte aan Abraham

    ***Galasiërs 3:26-29***

    26 Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, 27 want julle almal wat deur die **doop
    met Christus verenig is**, het nou deel van Christus geword. 28 Dit **maak nie saak of iemand Jood of Griek**, slaaf
    of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is **julle almal één**. 29 En as julle aan Christus behoort, **is julle ook
    nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God**.”

    ***Jeremia 1:5***

    ***“***Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.”

- God kies jou uit genade
    - Geen prestasie of werke nodig nie, geen reels of vereistes – nes jy is
    - Hy verwag dat jy oorgegewe sal lewe!

***Kolossense 2:11-12***
[11]Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."

- Die Heilige Gees werk van die begin af in ons
  - Die Heilige Gees werk gedurig deur ons lewe en wedergeboorte kry op verskillende manière gestalte in ons lewe
  - Die Heilige Gees stel ons kinders in staat om in 'n persoonlike geloofsverhouding met God te groei en die doop ten volle te verstaan soos hul ouer word.

***2 Kor 1:20-22***
Hy is die "ja" van God, [20]die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê. [21]God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, [22]ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.

***Lukas 1:41***
Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul [42]en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!"

***1 Korintiers 7:14***
"Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God."

## Ouers se Belofte

Ons as ouers maak opnuut 'n verbintenis aan God om ons kant van die verbond te gehoorsaam en daardeur ook God te gehoorsaam. Ons belowe met die kinderdoop om:

- Ons kinders in te lig van die doop en die verbintenis met God
- Ons kinders te onderrig in die leer en lewenswandel van 'n Christen
- As ouers 'n voorbeeld vir ons kinders te stuur van 'n lewe in verbondskap met God
- Dankbaarheid teenoor God te toon vir Sy genade en Sy seeninge

ONS IS SAAM MET JOU OPGEWONDE OOR DIT WAT JY VANDAG BELOOF AAN GOD!

**freshnamibia@gmail.com | www.freshnamibia.com | Tel. 081 701 8260**